

**9 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 6:12-42**  
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 6:19-21, 40; 7:12-16**

**Oral luister die Here na gebede van sy kinders**

Mense wil graag in hulle godsdiens iets hê om op te fokus. Sommige gebruik beelde of simbole as sigbare fokuspunt. Vir baie ander is 'n plek belangrik. Die Moslems bid byvoorbeeld in die rigting van Mekka, hulle heiligste stad.

Salomo vra in sy gebed by herhaling dat die Here moet luister na gebede wat in die rigting van die tempel gebid word (vs 20, 26, 31, 32, 34 en 38). Só het die gelowiges van die ou verbond dit inderdaad gedoen – selfs nadat die tempel verwoes is. Hulle het in die rigting van Jerusalem gebid (Dan. 6:11).

In Salomo se gebed hoor ons die evangelie, die blye boodskap: God het 'n plek op aarde. Ons Vader het 'n “kantoor” en dié kantoor se deur staan altyd oop vir berouvolle sondears en vir mense in nood. Ons Vader is nooit te besig nie. Hy sal luister as ons Hom in sy woonplek opsoek.

Maar dis tegelyk ook die armoede van die ou bedeling: God se woonplek was 'n spesifieke plek op aarde. Ná die hemelvaart is ons fokuspunt nou in die hemel, waar Jesus Christus aan God se regterhand vir ons intree (Heb. 2:9; 12:1-3). Tot hierdie genadetroon het ons enige tyd en van enige plek af vrye toegang. Dis moontlik omdat Jesus vir ons die pad oopgemaak het (Heb. 4:16; 10:19-20) en omdat die Heilige Gees in ons woon (Rom. 8:26). Die Vader soek mense wat Hom so aanbid: in Gees en in waarheid (Joh. 4:23-24).

*Sing: Psalm 43:3 Prof. PP Krüger (Teologiese Skool)*